Algemene Pre-primêre nasorg reëls / General Preprimary after Care rules

- Die nasorg ure is vanaf **12h30 – 18h00 voldag** en vanaf **12h30 – 14h30 halfdag**. Ouers word gevra om hul kinders stiptelik te kom afhaal. Laat ouers sal opgevolg en gekontak word.
- Nasorg leerders word direk na skool deur die nasorg personeel by hul klasse afgehaal en bly te alle tye onder toesig.
- Ouers word versoek om die uitteken register elke dag met afhaal van u kind te teken en die nasorg skriftelik in kennis te stel indien u nie langer van die nasorg dienste gebruik gaan maak nie.
- Indien u kind deur iemand anders as u by die nasorg afgehaal gaan word, moet u ons ook per brief in kennis stel.
- Leerders word tydens toiletroetine deur die nasorg personeel vergesel en mag nie in die toilette speel nie.
- Geen leerder word toegelaat om tydens nasorgtyd in die klaskamers te wees of te speel nie.
- Indien ‘n leerder ‘n ernstige besering tydens nasorg opdoen, sal die ouers gekontak word en die nodige noodhul prosedure gevolg word.
- Hande word voor etenstyd gewas en alle leerders sit tydens etenstyd aan tafel al wil hul nie eet nie. Elke leerder eet sy / haar eie kos wat van die huis af gestuur is.
  Geen soetgoed word by die nasorg toegelaat nie.
- Ouers mag tydens winter dae “cup a soup”, “warm sjokolade” of “kits noodles” na die nasorg saamstuur en die personeel sal toesien dat dit vir die kind voorberei en verhit word na 16h00.
- Geen stokke, klipgooiery, sandgooi, water vermorsing, vuiltaal en spottery word by die nasorg toegelaat nie.
- Leerders word verbied om bande op die speelgrond op te tel en rond te rol of eiendom te beskadig.
- Die speel terrein word te alle tye opgeruim na buite spel en voor huis toe gaan tyd.

Dankie vir u samewerking.

Charlotte (namens al die nasorg personeel)